Posbus 7113, Newtonpark, 6055
Telefoon (041) 3651233
h/v Willetstraat en 4de Laan, Newtonpark, 6045
E-pos: admin@lnpark.co.za /

'n Blink toekoms begin hier!

NUUSBRIEF 2

24 Januarie 2025

UIT DIE KANTOOR

Geagte Ouers

DANKIE
Baie dankie aan almal wat my twaalfde verjaarsdag by Laerskool Newtonpark so aangenaam gemaak het. Ek waardeer elke vriendelike boodskap en gelukwensing.

SKOOLTYE
Ons bevestig dat **die skool stiptelik om 07:45 begin** en versoek u vriendelik om u kind betyds vir skool af te laai. Neem asseblief kennis dat die saalperiode op Maandae plaasvind en dat alle leerlinge op Maandae hulle baadjies skool toe moet aantrek.

INLIGTINGSAAND 20 JANUARIE 2025
Baie dankie aan al die ouers wat die oueraand bygewoon het. Ons was werklik verras deur die goeie opkoms. Die inligting wat tydens die geleentheid bespreek is, sal per graad op die die skool se inligtingsplatvorm op google drive geplaas word sodat u weer daarna kan verwys soos benodig. Indien daar enige vrae is, kan u gerus u kind se klasonderwyser kontak.

BEHEERLIGGAAMVERKIESING: DONDERDAG, 6 FEBRUARIE 2025
Ons het u verlede week kennis gegee dat daar een persoon op die beheerliggaam verkies moet word. Die verkiesing gaan op **Donderdag, 6 Februarie 2025 van 06:30 tot 16:00 in die skoolsaal** plaasvind.

Nominasievorms sal by die kantoor vanaf **Maandag, 27 Januarie 2025,** beskikbaar wees. Vooraf nominasies sluit dan weer **Maandag 3 Februarie 2025 om 12:00**. Die kandidate se inligting sal dan aan u deurgestuur word om te kan bestudeer.

Ons wil alle ouers aanmoedig om die belangrike verkiesing van **6 Februarie 2025** in die skoolsaal by te woon.

KALENDER 2025 : VERANDERINGE
Daar is veranderinge aan die kalender van die eerste kwartaal aangebring en is op die skool se inligtingsplatvorm op google drive geplaas. Let wel dat datums en tye van aktiwiteite onderhewig aan verandering is.

SKY MODELS

Ons is baie opgewonde om aan te kondig dat Mev. Adelein Stoop van vandag af op Vrydae om 13:15 – 14:00 model lesse vir belangstellende leerlinge in ons skoolsaal sal gee. Kostes is soos volg:

- Registrasiefooi R800
- 1 Kind R450 per maand
- 2de kind R420 per maand

Vir enige navrae in hierdie verband kan u Mev. Stoop skakel op: 0833813561 of e-pos op skymodelseasterncape@gmail.com

HUISWERK

Ons wil tog vir u vra dat u hierdie jaar sommer van die begin af sal toesien dat die leerlinge gereeld hul huiswerk en ook sommer gereeld hersiening sal doen.

Elke kind het ‘n ordentlike huiswerkboekie ontvang en u moet asseblief gereeld uself vergewis of daar iets in staan. Al die huiswerk vir die week word ook op die inligtingsplatvorm van die skool op google drive geplaas.

Daar is geen verskoning vir leerlinge wat nie huiswerk doen nie. Boeke wat by die huis vergeet word, word beskou as huiswerk wat nie gedoen is nie.

Die skoolreëls is in die huiswerkboek vervat. Indien leerlinge nie hul kant bring wat dissipline betref nie, sal hulle die daaropvolgende Vrydag detensie van 12:45 tot 14:45 by die skool sit. Geen leerling sal hiervan verskoon word nie. Indien ‘n leerling nie opdaag vir detensie nie, sal hy/sy outomaties nog ‘n bykomende Vrydag op detensie sit. Indien ‘n leerling sy/haar kommunikasiekaart laat wegraak, sal hy/sy ook detensie sit.

Onthou asseblief, die opvoeding van die kind is nie net ons taak nie, maar ons is vennote in dié aangeleentheid. Let asseblief daarop dat die leerlinge hulle boeke daagliks volgens hulle rooster (volgens die dag) kan inpak.

SPORTPRESTASIES BUITE DIE SKOOL

As leerlinge aan sport buite skoolverband deelneem, vra ons die ouers om asseblief die uitslae aan die skool te stuur om in die nuusbrief te plaas. Ons kondig dit ook tydens saal aan en as daar medaljes of bekers betrokke is, sal ons dit ook in die saal oorhandig. Ons wil ook daarvan ‘n foto neem om op die skool se facebookblad te plaas. Ons is trots op alle prestasies van ons leerlinge.

A4-PLASTIEK OORTREKSELS

Die Klerewinkel verkoop duursame kwaliteit A4-plastiekoortreksels teen R8 elk. U is welkom om winkelure aan te koop indien u sou belangstel.

KLEREWINKELTYE

Maandae	07:30 – 12:00
Woensdae	12:00 – 14:30
Vrydae	07:30 – 12:00

SKOOLDRAG
Die leerlinge moet die korrekte somersdrag aantrek. Ons versoek u vriendelik om daarby te bly. Die dra van die skoolbaadjie tydens die saalbyeenkoms op Maandae is verpligtend. Die voorskrifte daarvoor verskyn in die gedragskode dokument onder die "beleidsdokumente" op ons google drive inligtingsplatvorm is. Die skakel daarvoor is:
https://drive.google.com/drive/folders/1Js5mo6zV_heYEpqZroY6b68XWa3pUMOt?usp=sharing

SPORTKLEREDRAG
Ons wil graag bevestig dat leerlinge daagliks in hul **formele skooluniform** skool toe kom en hul sportklere (LO-drag) in hul sportsakke moet saambring om na skool vir sportoefening te verklee.

LET WEL: Die leerlinge gaan slegs wanneer hulle LO het, toegelaat word om sportklere skool toe aan te trek. Indien 'n leerling nie aan die LO mag deelneem nie, trek hulle normale skoolklere aan.

SKOOLTASSE
Ons graad 1-leerlinge moet van die skool se voorgeskrewe tas gebruik maak. Ons het navrae in verband met die koop van nuwe skooltasse ontvang en wil bevestig dat **indien u vir u kind in graad 4 en hoër 'n nuwe skooltas in die toekoms wil aanskaf, maroen, swart en donkerblou die enigste kleur skooltasse is wat aanvaarbaar is. Die sportsakke mag slegs dié wees wat by die skool se klerewinkel aangeskaf kan word.**

SNOEPIE-HULP
Die snoepie maak staat op ouerhulp. Persone beskikbaar kan Christa Slabbert by 076 6873 699 skakel.

LAERSKOOL NEWTONPARK FACEBOOKBLAD
Besoek gerus ons skool se amptelike facebookblad, @LaerskoolNewtonpark.co.za, die blad se profielfoto is die skoolwapen. Dis lekker om na foto's te kyk en met ons leerlinge te spog. Bly ook op hoogte met die nuutste gebeure.

SKOOLGELDE 2025
Die voorgestelde skoolgelde vir 2025 is soos volg:

SKOOLGELDE: GRAAD 1 tot 7			
	PER JAAR	**10 MNDE**	**11 MNDE**
Eerste kind	R20 100	R2 010	R1 828
Tweede kind	R18 300	R1 830	R1 664
Derde kind	R12 700	R1 270	R1 155
GRAAD R: MAANDELIKS VOORUITBETAALBAAR			
	R20 100	R2 010	R1 828
NASORG: VRYWILLIGE PROGRAM – KWARTAALLIKS VOORUIT BETAAL			
	PER JAAR	**PER KWARTAAL**	
14:00/14:15 tot 17:30	R 9 772	R 2 443	
13:00/13:30 tot 17:30	R11 452	R 2 863	
13:00/13:30 tot 14:15	R 6 640	R 1 660	

MUSIEK: MAANDELIKS VOORUIT BETAALBAAR	
Periodes per week	**Per Maand/10 mnde**
1	R270/R225 2de kind
2	R415/R350 2de kind
3	R595/R530 2de kind

Die volgende wyses van betaling is beskikbaar: **maandelikse debietorder** oor 10 of 11 maande. (Januarie/Februarie – November en is opbetaalbaar voor/op 30 November 2025. ‘n Debietorder kan slegs op ‘n tjek-/spaar-/transmissierekening ingestel word.) U mag ook die **skoolgelde EFT**. Ons beskik ook oor **‘n kaartmasjien** by die skool wat u kan gebruik.

Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf, en u bewys van betaling aan fin@lnpark.co.za e-pos.

Alle graad R-gelde is maandeliks vooruitbetaalbaar en nasorggelde is kwartaalliks streng vooruitbetaalbaar. Geen verligting word ten opsigte van hierdie dienste toegestaan nie, aangesien hierdie aktiwiteite deel van die skool se vrywillige program is.

Die betaling van skoolgelde is ‘n wetlike verpligting (Staatskoerant no. 29311). Indien u in gebreke bly om u skoolgelde te betaal, sal dit wetlik afgedwing word.

KRY KORTING OP SKOOLGELDE
Indien skoolgelde (Gr R – 7) ten volle betaal word voor/op 28 Februarie 2025 sal ‘n 10% korting toegestaan word, en indien ten volle betaal word voor/op 31 Mei 2025 ‘n 5% korting.

ELEKTRONIESE BETALINGS
Op die verwysing van die inbetaling moet u asseblief die rekeningnommer en u kind se van en naam verskaf. U moet ook die bewys van betaling per e-pos aan fin@lnpark.co.za stuur.

REKENINGNAAM	**LAERSKOOL NEWTONPARK**
BANK	**ABSA**
REKENINGNOMMER	**1400490089**
TAKKODE	**632005**

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Geniet die naweek saam met u kinders!

SKOOLHOOF
E-pos: skoolhoof@lnpark.co.za
Tel : 0846935318

ALGEMEEN

BELANGRIKE DATUMS VIR VOLGENDE WEEK:
Die volgende datums moet u asseblief op u kalender aanteken:

Ma – 27 Januarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00** ***AKADEMIESE EREBORDFUNKSIE*** **Didakties begin** **Beheerliggaamnominasies open**
Di – 28 Januarie	:	Nasorgvergadering om **17:30** (saal)
Wo – 29 Januarie	:	Klerewinkel **12:00 tot 14:30** Krieket: 0/13A teen Mount Pleasant **(w)** Krieket: 0/13B teen Kroneberg A **(t)** Tennis : 6-Meisies teen Jeffreysbaai **(t)** OOV-vergadering
Do – 30 Januarie	:	****Mnr. Manie Johnson verjaar*** ****Juf. Ischke Stassen verjaar*** Klerewinkel **07:30 tot 12:00** Krieket: 0/11A teen Mount Pleasant **(w)** Krieket: 0/11B teen Abraham Levy **(t)**
Vr – 31 Januarie	:	Klerewinkel **07:30 tot 12:00**

SPORT EN KULTUUR

BINNEHUISE-KRIEKET 2024
Jayden Gouws in graad 6H en sy spanmaats (Rising Stars) het Vrydag, 6 Desember aan die 0/12 binnehuise-krieket junior liga finaal deelgeneem en ‘n tweede plek behaal. Baie geluk, Jayden!

FIRST CHOICE 5KM-PRETDRAF 2024
Miané Geldenhuys in graad 6E het tydens die Desembervakansie aan die 5km First Choice Fun in Jeffreysbaai deelgeneem. Baie geluk, Miané!

LANDLOOP 2024
Iané Jukel in graad 6H was aan die einde van 2024 as die beste 0/11-dogter in PE Metro vir landloop aangewys. Hartlik geluk met hierdie prestasie, Iané!

FRAMESBY BLUE RIBBON 6'S-KRIEKETTOERNOOI
Ons 0/13-krieketspan het vanaf 16 tot 18 Januarie aan die Framesby Blue Ribbon 6's-kriekettoernooi deelgeneem en soos volg presteer:
Donderdag 16 Januarie
LNP verloor met 15 lopies teen Sunridgepark

Vrydag 17 Januarie
LNP verloor met 5 lopies teen Dr. Viljoen
LNP wen met 2 lopies teen Handhaaf
LNP wen met 15 lopies teen Kabegapark

Saterdag 18 Januarie
LNP wen met 17 lopies teen Rowallanpark
LNP wen met 12 lopies teen Blouwaterbaai
LNP dring deur na die semi-finaal vir die plaatbeker teen Verkenner en wen met 4 lopies.
LNP wen met 18 lopies teen Dr. Viljoen in die finaal en wen die plaatbeker en eindig algeheel 3de in die toernooi.

Baie geluk, manne, ons is trots op julle!